Leipie Nuus

27-31 JANUARIE 2020

Nommer 2/2020

Laerskool Louis Leipoldt
Tel no: 012-664 5798/9 Faks no: 012-664 2155
Epos: admin@louisleipoldt.co.za Finansies: finansies@louisleipoldt.co.za

Program vir die week

Ma 27 Januarie
Voortrekkers: Byeenkoms - Voortrekkersaal, Gloverlaan.
Atletiek: Oefening soos op program

Di 28 Januarie
Foto's: Individuele foto's word geneem
Algemeen: 10de skooldag getalle
Atletiek: Oefening soos op program

Wo 29 Januarie

Do 30 Januarie
Atletiek: Tuisbyeenkoms

Vry 31 Januarie

Sat 1 Februarie
Atletiek: Top 10 byeenkoms te Waterkloof (weg)

UIT DIE KANTOOR:
Ons versoek dat ouers asb die korrekte verwysing gebruik vir die inbetaling van gelde in die skool se rekening. Stuur asb ook bewys van betaling na die korrekte epos adres: finansies@louisleipoldt.co.za, debiteure@louisleipoldt.co.za
10% korting vir skoolgeld wat teen **28 Februarie** ten volle vereffen word.

Dit is met leedwese dat ons kennis neem van die afsterwe van Calista Sellar, 'n oudleerling van ons skool. Ons gaan die CHOC organisasie (Children with Cancer) se plakkerverkope projek ondersteun ter nagedagtenis aan Calista.

NB: 10de skooldag: Alle leerders moet asb **Dinsdag 28 Januarie** skool bywoon. Die departement kom kontroleer ons getal inskrywings en ons benodig asb alle leerders se teenwoordigheid.

BELANGRIKE DATUMS:
24-26 Januarie: Leierskamp te Zwartkloof
25 Januarie: Atletiek – Midstream Ridge (weg)
28 Januarie: Individuele foto's word geneem
30 Januarie: Atletiek – Tuisbyeenkoms
1 Februarie: Atletiek – Top 10 te Waterkloof
3 Februarie: Bulletjierugby inligtingsaand
4 Februarie: Atletiek – Wyksbyeenkoms te H/s Zwartkop
8 Februarie: Atletiek – Top 20 te Ruimsig

INDIVIDUELE FOTO'S:
Alle leerders word op **28 Januarie** afgeneem vir skoolrekord doeleindes. Asb netjiese skooldrag. Rooi tooisels in dogters se hare. Leerders wat verjaar kan gewone klere saambring.
Gr R leerders moet Leipieland hempies en denim broekie/rompies dra.
U ontvang bestelvorm met 'n voorbeeld van die foto. U is nie verplig om foto's te koop nie. Alle bestellings/ betalings op fotograwe se webblad. Asb **GEEN** betaling in die skool se rekening nie.

Prestasies

Baie geluk met die volgende mooi prestasies:

(Vormpies en Medaljes wat uitgedeel moet word na Me A v Rensburg – Maandae voor saalopening)

Neem asb kennis – Atletiek- (huissport, tuis- en wegbyeenkomste), spansporte- en landloopuitslae – leerders word as groep geluk gewens. Ons deel nie individuele prestasies daarvoor uit nie en plaas ook nie name in die nuusbrief nie.

HEK TYE:
Voor skool:
Personeel is by elke hek aan diens van **07:00** in die oggend.
Personeel doen terreindiens in die oggend van **07:15 tot 07:30.**
Hekke word 7:30 gesluit en toegang daarna is slegs by die hoofhek in Pretoriuslaan.
Rapporteer asb by die sekuriteit en daarna die kantoor. Geen ouer word tydens skoolure op die terrein toegelaat alvorens hul nie by die kantoor aangemeld het nie.
Na skool:
Gr R en Gr 1 hekke word 13:50 gesluit.
Daarna is slegs die hoofhek by die sekuriteit oop.

D6 KOMMUNIKEERDER:
Alle ouers moet asb op die D6 kommunikeerder registreer. Volg asb die skakel wat aan elke ouer per sms/epos gestuur word. Dit neem u na die "Appstore" waar u dan met die "token" wat deel van die skakel is moet registreer. **Die toepassing word gebruik vir alle kommunikasie.**
NB! Neem asb kennis dat ons u nie van die sms/epos kan verwyder nie omdat elke ouer aan 'n leerder se profiel gekoppel is. Indien 'n ouer versoek om nie sms'e/eposse ivm D6 te ontvang nie, sal die ouer van die leerder se profiel verwyder moet word en u sal dus **GEEN** verdere inligting ivm u kind kan ontvang nie.
Neem asb kennis dat inligting ivm akademie, aktiwiteite, byeenkomste, afrigting geplaas word op die webblad en die kommunikeerder (D6). Raadpleeg asb die bronne vir inligting. Die kommunikeer is 'n toepassing wat u op die selfoon of rekenaar kan aflaai.

GR 7 TRUIE:
Langmou/moulose truie kan by Me Stander in die kantoor ingegee word saam met R20 vir LL logo borduring. Plaas asb trui in 'n sakkie wat duidelik gemerk is met leerder se naam, van en klas.

Leipie waardejaar

Integriteit – *As jy nie wil hé almal moet jou onversorgde kant sien nie, moet jy dalk dieselfde moeite doen met die taal wat jy op sosiale media pleeg. Dit sê net soveel van jou as jou voorkoms.* ***Sophia Kapp***

L/S LOUIS LEIPOLDT SKOOLKLEREVERSKAFFERS
L Leipoldt Skoolklere: Leipie Hypie
Hervormde Kerk, Napierstraat 103, Lyttelton
Berthie v Genderen - 073 1475705
Maandae – Donderdae 13:30 – 17:30
Saterdae per afspraak

Marethas Skool Uitrusters:
Clubview sentrum, Hoek van Adam Tas en Lytteltonweg, Clubview
012 660 1118
Weeksdae 8:00 – 17:00, Saterdae 8:00 – 13:00

Eduwear (PTY) Ltd:
Krugerlaan 39, Lyttleton
Karen de Beer - 084 721 8701
Flexityd tot 18:30. Whatsapp vir afspraak

ATLETIEK OEFENPROGRAM:

OEFENTYE - MAANDAG, DINSDAG, DONDERDAG

NB!! Aflosatlete moet by die naellope uitkom sodat daar aan wegspring en oorgee's geoefen kan word.

TYE	HEKKIES	NAELLOPE
14:00 – 14:30	0/10 & 0/11	0/12 & 0/13
14:30 – 15:00	0/12 & 0/13	0/10 & 0/11

MIDDELAFSTANDE : 14:00 – 15:00
JUNIOR NAELLOPE: 14:00 – 14:30

TYE	VERSPRING	GEWIGSTOOT	HOOGSPRING
14:30 – 15:00	0/10	0/11	0/12 & 0/13
15:00 – 15:30	0/11	0/12 & 0/13	0/10
15:30 – 16:00	0/12 & 0/13	0/10	0/11

OEFENTYE - WOENSDAG

TYE	DISKUS	SPIESGOOI
14:00 – 14:45	0/12	0/13
14:50 – 15:35	0/13	0/12

Baie dankie

P FERREIRA
HOOF

SLAMPAMPER DRAMA:
Drama begin op 10 Februarie. Gr 1's kan nou inskryf. Inskrywingsvorms verkrygbaar by Me Snyman.

ATKV REDENAARS 2020 TEMAS:
Gr 1-3 = kaalvoet, wonder, fees.
Gr 4-5 = letters, voetspore, voel.
Gr 6-7 = toekoms, liefhê, afronding.
Inligtingsboekies oor die skryf van 'n toespraak is verkrygbaar by Me A Snyman.

SKOOLDRAG:
Let asb op die volgende ten opsigte van dogters se skooldrag: slegs klein goue of silwer knoppies of ringetjies in die ore. Slegs seëlringe en horlosies word toegelaat. Geen naellak word skool toe gedra nie – ook nie op die toonnaels nie. Slegs een oorbel per oor, op die oorlel. Geen grimering van enige aard word toegelaat nie. Kleurlose lipsalf. Naels moet kort en skoon wees. Haartooisels moet rooi wees. **Slegs skoolkouse by skoolkouse – wit kouse is nie skooldrag nie**

KOPLUISE:
Die epidemie is hoogs aansteeklik en versprei baie maklik na ander kinders se koppe. Ons vra die ouers se samewerking om seker te maak dat u kind/ers se koppe skoon is van enige nete en kopluise. Een leerder in die klas kan die ander aansteek. Ouers wat moeite doen en onkostes aangaan raak ongelukkig wanneer hul kinders weer by klasmaats aansteek. Dit is departementele beleid dat leerders met kopluise of nete nie die skool mag bywoon alvorens die kop nie heeltemal skoon is nie.

TELEFOONOPROEPE VANAF DIE KANTOOR/WAGTYD IN DIE KANTOOR:
Geen leerder mag vanaf die kantoor bel nie. Tref asb reëlings tuis. Ouers moet asb ook nie met leerders reël om in die kantoor te kom wag om hulle 'n sekere tyd af te haal nie. Leerders verloor baie werk sodoende. Indien 'n leerder afgehaal moet word, moet ouers die leerder kom uitteken in die kantoor waarna die leerder dan geroep sal word.

NUUSBRIEF:
Onthou asb om na www.louisleipoldt.co.za te gaan om te registreer om die weeklikse nuusbrief elektronies te ontvang.

PRESTASIE TOEKENNINGS: UITDEEL IN SAAL ***Datum:*** _____
(Dui asb aan of medalje/sertifikaat saamgestuur word)

My kind _____ in Graad_____ het op _____ die volgende

toekenning ontvang vir _____

_____

_____

(Handig briefie in by Me van Rensburg - K45)

_____
HANDTEKENING: OUER